

# Die ou plaas haan

Cissy Kiwanuka Luyiga

Afrikaans

Eendag lank, lank gelede was daar 'n ou vrou wat alleen gewoon het. Sy het baie hoenders gehad. Tussen al die hoenders was daar 'n haan wat baie oud was en nie meer kon kraai nie.





Op 'n dag het die ou vrou se kleinseun haar kom besoek. Sy was baie bly om hom te sien. Sy het vir die jong seun gevra of hy die haan kan vang sodat hulle hom kon eet.

Die haan het die ou vrou gehoor praat en sy hart het gesak. "Ai, jy is ook baie oud, maar ek sien nie iemand jou probeer dood maak nie, maar ons sal sien!"

Die haan het besluit om weg te glip en na die groot stad te gaan om te sing.





Soos die haan geloop het, het hy 'n kat ontmoet. "Wat het gebeur?" het die kat gevra. "My vriend, my eienaar wil my eet omdat ek haar nie langer die tyd kan sê nie", het die haan gesê. "Ek gaan na die groot stad om te sing. Waarheen is jy oppad?" "My vriend, my eienaar het ook besluit om my dood te maak omdat ek nie meer rotte kan vang nie. Ek is besig om weg te hardloop", het die kat gesê. "Mag ek saamkom?" "Kom ons gaan!" het die haan gesê.

Hulle het vir 'n kort tydjie geloop, toe hulle 'n hond sien wat baie vinnig hardloop. Die haan het die hond geroep en hom gevra hoekom hy so vinnig hardloop. "My vriend, my eienaar het my gejaag omdat ek nie meer diewe kan vang nie," het die hond gesê terwyl hy hyg. "Ons het soortgelyke probleme. Ons gaan na die groot stad om te sing," het die haan gesê. "Mag ek saamkom?" het die hond gevra.





Die drie diere het saam die pad gevat.
Terwyl hulle geloop het, het 'n perd hulle gestop en gevra wat gaan aan.
"Ons eienaars wil ons dood maak omdat ons nie meer ons werk kan doen nie," het al die diere gesê.
"Ek het dieselfde probleem, waarheen is julle oppad?" het die perd gevra.
"Ons gaan na die groot stad om te sing," het die diere gesê.
Die perd het gevra om by hulle aan te sluit en die diere het ja gesê.

Die diere het geloop totdat dit donker was. Hulle het 'n huis gesien en toe hulle by die huis aankom het hulle geluide binne gehoor. Die diere was bang en het besluit om te sing om die mense weg te jaag wat binne in die huis was.

Die perd het op die grond gestaan, die hond het op die perd se rug geklim, die kat het op die hond se rug geklim en die haan het op die kat se rug geklim.





Hulle het onmiddelik begin sing.
"Kookoliookoo," het die haan gesing.
"Myaaawuu myaaawuu," het die kat gesing.
"Woo woo," het die hond gesing.
"Wuuuu wuuuu," het die perd gesing.

Al die diere het hard saam gesing. Die mense in die huis was diewe. Die diewe was bang en het weg gehardloop.

Die ou haan, die hond, die perd en die kat het die huis binne gegaan en kos gevind. Toe hulle klaar geeët het, het hulle gaan slaap. Die haan het naby die deur geslaap, vervolg deur die kat, die hond en laastens die perd.






Dit was nie lank nie toe was die diewe terug. Hulle baas was die eerste om in die huis te gaan. Hy het net die deur oopgemaak toe die hen hom met sy bek pik. Toe het die kat hom gekrap met sy naels, en toe vind hy die hond wat hom gebyt het.

Die man het gespring, maar was nogsteeds in die huis. Hy het die perd gevind, wat hom dood geskop het. Die ander diewe het nie die huis binne gegaan nie. Hulle het weg gehardloop, om nooit weer terug te gaan nie.





Die diere het daarna gelukkig gelewe in die huis. Die ou hen het die tyd vir sy vriende gesê en die hond het hulle beskerm. Die kat het al die rotte in die huis dood gemaak en die perd het die ander diere op sy rug gedra waar hulle ook al wou gaan.



# Die ou plaas haan

Writer: Cissy Kiwanuka Luyiga
Illustration: Magriet Brink
Translated By: Chantelle Lange
Language: Afrikaans

© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY 4.0) Version 4.0 International Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative